Sondagskool 1

Lestitel: Jesus verskyn aan die vroue by die graf

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les: **“Jesus verskyn aan die vroue by die graf”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Jesus verskyn aan die vroue by die graf
Bybelwoord	Mattheus 28: 5-10 en Markus 16: 1-10
Lesdoelwit	Die kinders leer dat Jesus leef, alhoewel sy menslike liggaam moes sterf.

Lesopsomming:

● Nadat die Sabbat verby was, het Maria Magdalena, Maria, die moeder van Jakobus en Salome, speserye gekoop om die liggaam van Jesus te gaan salf. Sondagoggend baie vroeg, toe dit nog redelik donker was, is hulle na die graf waar Jesus se liggaam geplaas is.

● Skielik was daar 'n hewige aardbewing, 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal, die klip weggerol en daarop gaan sit. Sy voorkoms was soos weerlig en sy klere was wit soos sneeu. Die wagte was so bang dat hulle gebewe het en soos dooies geword het.

● Onderweg het hulle vir mekaar gesê: "Wie sal die klip vir ons wegrol van die ingang na die graf?" Dit was 'n baie groot klip. Maar toe hulle by die graf aankom, is hulle geskok om te sien dat die klip al weggerol is.

● Toe hulle die graf binnegaan, sien hulle 'n man geklee in 'n sneeuwit kleed, aan die regterkant sit, en hulle was bang. Dit was 'n engel. “Moenie bang wees nie, het hy gesê. Ek weet dat jy na Jesus soek wat gekruisig is. Kom kyk!”

● Die Here Jesus het nie meer gelê waar Hy twee dae gelede geplaas is nie! Sommige gevoude lakens het daar gelê, maar die graf was leeg.

● Die engel sê toe: “Gaan nou vinnig en vertel dit vir sy dissipels. Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galilea. Daar sal julle Hom sien. Kyk ek het julle dit gesê.” Hulle het die graf inderhaas verlaat, bang maar ook vol vreugde, en gehardloop om dit vir sy dissipels te vertel.

● Meteens ontmoet Jesus hulle en sê: “Wees gegroet.” Hulle het Hom dadelik herken! Toe het Jesus vriendelik gesê: “Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel my broeders dat hulle na Galilea moet gaan, en daar sal hulle My sien.” Jesus het hierdie woorde skaars uitgespreek toe Hy weer verdwyn.

● Die vroue was baie bly. Jesus leef! God se liefde is sterker as die dood en die kwaad van die mens. Gelukkig, haas hulle na die dissipels om die goeie nuus te vertel.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

● Die Here Jesus het vir ons sondes gesterf en deur sy opstanding het Hy die dood en die sonde oorwin en sodoende die mensdom van die ewige dood te red. As gevolg van God se liefde kan ons die ewige lewe hê.
● Engele is boodskappers van God. Vandag het ons ook boodskappers van God wat aan ons die wonderlike toekoms wil wys. Hulle is die ampte, God se diensknegte, wat ons help op pad huis toe om Jesus te ontmoet.
● Jesus Christus leef en as ons in Hom glo en op Hom vertrou, sal ons ervaar hoe Hy ons krag en vertroue gee in alle omstandighede. Jesus gee ons moed en krag. Maar dit kan net gebeur as ons Hom ruimte in ons harte gee.
Jesus het ons baie lief, Hy het selfs vir ons gesterf. Jesus is ons beste vriend.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Wanneer is die vroue na die graf waar Jesus neergelê is?
Antwoord: Na die sabbat, vroeg Sondagoggend, toe dit nog donker was
2. Waaroor was hulle bekommerd?
Antwoord: Wie sal vir hulle die groot klip by die ingang van die graf wegrol
3. Wat het hulle gesien toe hulle die graf bereik?
Antwoord: Die klip is weggerol
4. Watter boodskap het die engel vir die vroue gebring?
Antwoord: Jesus leef
5. Wie is vandag God se boodskappers?
Antwoord: Die diensknegte

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen